UITDAGINGS vir die kerk VANDAG

THEUNS ELOFF

Theuns Eloff, rektor van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys gee hier as buitestander sy opinie oor die uitdagings waarmee die kerk vandag gekonfronteer word.

DIE KONTEKS VAN DIE NUWE SA

Die kerk in Suid-Afrika staan vandag voor net sulke groot uitdagings – al is hulle anders – as in die vorige eeu. In die sewentigs en tagtigs was die kerk midde-in die stryd om apartheid te kritiseer, te reformeer, te verdedig of af te breek. Daardie stryd is verby en daar is nuwe uitdagings…

Wat is die konteks vir die kerk vandag?[1] 'n Paar sake is belangrik ...

EERSTENS is Suid-Afrika'n regstaat, met die Grondwet die oppergesag tesame met 'n sterk Handves vir menseregte. Die staatsbeskouing is 'n sekulêre een en daar is prakties en prinsipieel 'n sterk(er) skeiding tussen kerk en staat as voorheen. Die kerk moet dus, op die oog af, in 'n "minder vriendelike" omgewing werk. Dit bied egter ook geleenthede.

TWEEDENS is Suid-Afrika in voortdurende transformasie. En hiermee word nie net transformasie van wit na swart bedoel nie, maar die voortdurende (globale) aanpassing by die eise van die tyd. Die politieke transformasie is byna voltooi en die ekonomiese is sterk onderweg. Wat die sosio-ekonomiese betref (bv onderwys, watervoorsiening en behuising), is vordering gemaak, maar die agterstande geskep deur apartheid wat vererger is deur swak openbare bestuur, is hier die duidelikste. Die sosio-kulturele transformasie het maar eers die afgelope paar jaar begin – en mense begin nou eers leer om met mekaar saam te leef. Die goeie nuus is dat interpersoonlike verhoudings oor die algemeen goed is.

DERDENS bevind die kerk hom in 'n land (en 'n wêreld) waar moraliteit soos 'n bedreigde spesie is. Die grys area tussen reg en verkeerd, goed en kwaad word al groter. Selfs leiers wat nie noodwendig gelowiges is nie, begin besef dat as ons as land en nasie wil oorleef, ons weer ons sin vir reg en verkeerd sal moet terug wen.

[1] Dit is baie moeilik om in die algemeen van die magdom Christelike kerke in Suid-Afrika te praat. Gegewe die lesers, volstaan ek in hierdie artikel daarmee dat 'die kerk' daardie kerke van reformatoriese oorsprong is , wat ook meestal Afrikaanssprekend is.

VIERDENS sit al die kerke in die land met ’n geskiedenis wat hulle nie weg kan wens nie, maar wat hulle wel kan “weg werk”. Die kerk benodig ’n nuwe geloofwaardigheid by die gewone mense (asook by ongelowiges).

UITDAGINGS

Teen hierdie agtergrond staar die kerk (onder andere) die volgende vyf uitdagings in die gesig:

1

Bly by die kern van die evangelie, as grondslag vir alle ander aktiwiteite

Die kerk moet leer uit die foute van die verlede, en nie verlei word om die kern van die evangelie (dat Jesus Christus die Verlosser is) af te water nie. Baie kerke het hulle sendingtaak in sosiale verantwoordelikheid laat opgaan, met katastrofale gevolge. Aan die ander kant mag die konsekwensie van hierdie kern, naamlik die liefdesgebod, ook nie verwater of skeefgetrek word nie. Die Bybelse ondersteuning van apartheid sal nog lank ’n klad op die naam van die Afrikaanse kerke bly, maar kan “weg gewerk” word deur die liefdesgebod aktief te preek en te leef. Kortom, die kerk moet beide **uitreikende kerk en dienende kerk** wees. Om in Suid-Afrika vandag net een van die twee te wees, verskraal die roeping van die kerk. Daarby kan nog die aspek van **profetiese kerk** gevoeg word.

2

Gee hoop en aktiveer

In die, menslik gesproke, onsekere oorgangstye het die kerk ’n besondere taak om hoop te gee:

- Aan baie mense sonder geestelike rigting en moraliteit;
- Aan (veral blanke) Suid-Afrikaners oor die toekoms onder God se hand, sodat hulle nie voel hulle is ’n bedreigde groepie (wit) gelowiges in ’n see van (swart) ateïste nie, maar besef en ervaar dat God ook hierdie land nog in sy hand het en dat daar letterlik miljoene broers en susters hier woon en werk.

’n Mens wonder baie maal watter geestelike leiding hooplose emigrerende Suid-Afrikaners ontvang het. Soms praat van hulle asof God Suid-Afrika en Afrika aan sy eie lot oorlaat en saam met hulle Australië toe emigreer!

En hierdie hoop vir die toekoms (gegrond in die kern van die evangelie) moet **mense tot aksie aanspoor** – sodat die “kerk” nie maar die dominee

of dalk die kerkraad is nie, maar dat elke gelowige geaktiveer word tot uitreik en diens... Jeremia het aan die ballinge in Babel gesê: “Bevorder die belange van die stad... bid tot My vir daardie stad, want sy belange is ook julle belange” (Jer 28:7).

3

Fokus aktief op die land se ontsaglike sosio-ekonomiese probleme

Oud-president Clinton het in sy verkiesingsveldtog ’n spreuk gehad waarmee hy die belangrikheid van die ekonomie wou beklemtoon: “It’s the economy, stupid!” Vir Suid-Afrika kan die spreuk aangepas word: “It’s poverty, stupid!” As ons (die kerk ingesluit) nie saam iets aan armoede doen nie, kan die mooi van ’n reënboognasie se versoening en saamleef oor 20 jaar iets van die verlede wees.

Die kerk moet (institusioneel en deur elke gelowige) skerper fokus op die groot sosio-ekonomiese probleme, waarvan die grootste armoede is. Uitreikaksies kan nie maar, soos Jakobus uitwys, die evangelie van “gaan heen en word versadig” verkondig nie, maar moet prakties help sodat die evangelie konkreet en dienend kan wees.

4

Bou gewone moraliteit

Die lae vlakke van moraliteit is oral in die samelewing sigbaar: vanaf georganiseerde misdaad tot (gewone) mense wat alte maklik oor ’n stopstraat ry, met inkomstebelasting kul of hulle geld in ’n vinnig-geldmaak-skema verwed.

Dis uiters belangrik dat gewone mense (ook nie-gelowiges) die basiese verskil tussen reg en verkeerd weer ken en uitleef. En dit sal nie help om in hierdie veldtog uit die hoogte en veroordelend te wees en vrome teksverse aan te bied nie. Die kerk moet, met begrip en liefde, die belangrikheid van basiese reg doen uitwys en uitleef.

5

Kommunikeer verstaanbaar en gewoon en nie in “kodetaal” nie

Ten slotte moet die kerk al hierdie dinge sê in gewone taal, nie in ’n kerklike kodetaal wat net die getrouste kerkgangers kan verstaan nie. Te veel word “buitestaanders” afgeskrik en so weggewys deur taal, wat as liefdeloos en hard beleef word. Die essensie van evangelie verkondiging is effektiewe kommunikasie – in woord, beeld en daad.